

Ge loafsvrae: Vryheid

Ge loafsvrae: Vryheid – Adrio König

Vryheid

Hoe ons die mens sien, hang af van hoe ons God sien. Ons is immers geskape om in 'n verbondsverhouding met Hom te leef en om sy beeld te wees. Ons sal dus by Hom leer wie ons is en hoe ons behoort te leef.

Toe ons gevra het wie en hoe God is, was die eerste twee eienskappe van God wat ons behandel het, sy liefde en sy vryheid. Dit is dus gepas om dié twee ook te behandel as die eerste twee eienskappe van die mens. As God die Een is wat in vryheid liefhet, en die mens is sy beeld, moet die mens ook *in vryheid liefhê*.

Natuurlik sal ons vryheid, net soos ons liefde, maar net 'n flou skaduwee van God s'n wees, maar iets van hoe Hy vry is, moet in ons lewe blyk want daarvoor is ons geskape.

Daar bestaan groot verskille oor die mens se vryheid. Reeds onder die ou Grieke was daar uiteenlopende beskouings. Daar was die oortuiging dat jy net vry is as jy nie onder 'n tiran staan nie. Ander het gemeen ons is eers vry as ons oor ons drifte en hartstogte beheer het. 'n Derde groep was oortuig dat ware vryheid beteken dat 'n mens vry is van die wêreldse dinge sodat jy jou kan onttrek en in afsondering leef. Vandag is daar nog steeds interessante vryheidsbegrippe. Sommige sien ons vryheid as 'n las. As vrye wesens is ons 'n abnormale verskynsel in die res van die wetmatige werklikheid. Dis juis ons vryheid wat lei tot al die ellende in die wêreld. Ons is gedoem tot vryheid. Daarteenoor is daar 'n groot groep wat die

vryheid sien as die hoogste goed. Elke mens is vry en hierdie vryheid is ons mees basiese reg wat ten alle koste beskerm moet word. Daar moet so min as moontlik sosiale beperkinge wees sodat mense hul aangebore vryheid kan uitleef en waarlik gelukkig kan wees.

Dit is nie moeilik om kritiese vrae aan hierdie vryheidsbegrippe te vra nie. Om maar net by die laaste een stil te staan, is dit waar dat ons ons vryheid sal geniet as ons geen sosiale bindinge het nie? Is dit nie dalk nader aan die waarheid dat sosiale bindinge ons help om nie ons drange onbeheersd te volg en juis ons eie en ander se lewens in ongeluk te dompel nie? Is ons vry gebore of is ons slawe van die sonde?

Staan ons nie nog 'n keer voor die feit dat ons nie ons mensbeskouing uit mense se werklike lewe kan aflei nie, maar net uit God se bedoeling met ons? Ons is nie vry as die Seun ons nie vrygemaak het nie, maar ons *behoort* vry te wees, want só het God ons bedoel.

Wat beteken dit om vry te wees?

Vryheid lê nie op dieselfde vlak as liefde nie, nie in die geval van God nie, en ook nie wat mense betref nie. As liefde die inhoud van ons menswees is, is vryheid die vorm. Ons is nie geskape om vry te wees nie, maar om lief te hê. Ons leer dit by God. God se wese is nie sy vryheid nie. Sy wese is sy liefde. Sy vryheid is die manier waarop Hy liefhet. Hy is vry van selfsug sodat Hy kan liefhê. En Hy het ook vir ons vry geskape sodat ons kan liefhê. *Vryheid is die infrastruktuur van die liefde.* As ons vryheid ons nie langer help om lief te hê nie, het ons ons vryheid verloor.

Dit staan skerp teenoor heelwat ander oortuigings. Veral

nasionalistiese bewegings sien vryheid as 'n waarde op sy eie. Hulle sal stry en selfs ander doodmaak vir hul vryheid. Hoeveel oorloë is nie al vir 'ons vryheid' geveg nie! En watter rol het vryheid nie die afgelope dekades in die politiek in Suid-Afrika gespeel nie!

Daarteenoor staan Christelike vryheid in diens van die liefde. Die ander persoon of groep is nie 'n inperking of 'n bedreiging van my vryheid nie, maar 'n geleentheid om hulle in vryheid lief te hê.

Hierdie standpunt help ons ook om die ou bekende onderskeiding tussen *formele vryheid* en *materiële vryheid* te hanteer. Formele vryheid is keusevryheid, die vermoë om 'n besluit te kan neem. Materiële vryheid of inhoudelike vryheid is die vermoë om reg op te tree, dit is vryheid om lief te hê.

Ons sien dit alreeds by God, en juis omdat ons by Hom leer hoe ons as sy beeld behoort te wees, is sy vryheid belangrik om ons te help om te verstaan wat Hy met ons vryheid bedoel.

God se vryheid is sy vermoë om lief te hê. Ons kan dus verwag dat minstens 'n analogie daarvan in ons vryheid sigbaar moet word.

Kom ons pas hierdie oortuigings toe op Adam en Eva se sonde (Gen 3). Adam en Eva sondig in die tuin. Hulle is aan God ongehoorsaam.

Hoe is dit moontlik? Gewoonlik word gesê dat God hulle met vryheid geskape het en dat hulle hierdie vryheid misbruik het. Die veronderstelling is dat hulle vryheid formele keusevryheid was. God het hulle die vermoë gegee om te kies en hulle toe voor 'n keuse gestel. Dit word dikwels die 'proefgebod' genoem. Hulle kies dan verkeerd. Dit is natuurlik vreeslik

jammer, maar God moes hulle noodwendig met hierdie vryheid skep anders was hulle soos diere of robotte. Liefde moet vry wees om die naam liefde werd te wees. Gedwonge liefde is nie liefde nie.

Die `voordeel' van hierdie verklaring is dat 'n mens skynbaar kan verstaan hoe dit moontlik was dat Adam en Eva gesondig het. Om *mense* te hê, en nie robotte of diere nie, het God geen ander keuse gehad as om hulle te skep met die moontlikheid om te sondig nie.

Van hier af loop die paaie dan uiteen. Die meeste Christene sal aanvaar dat dit jammer was dat dinge só geloop het, maar dat God genadiglik ingegryp het en verlossing bewerk het. Maar daar is sommige wat nie hiermee tevrede is nie. Hulle voel dat dit nie aan God reg laat geskied nie. Hy is nie maar net die magtelose toeskouer wat ons laat begaan en later reageer op die foute wat ons maak nie. Hy is die een wat vooraf alles bepaal wat gebeur, en daarom moet ons aanvaar dat Hy ook die sonde beskik het. Gewoonlik word as verklaring aangebied dat Hy wel bepaal het dat hulle sal sondig, maar dat *hulle* skuldig is omdat hulle in vryheid gesondig het. Dit is so ongeveer die siening van Calvyn.

Intussen het daar natuurlik al heelwat ernstige probleme om die hoek begin loer, so ernstig dat 'n mens 'n ander benadering moet oorweeg – al moet ons vooraf goed besef dat elke siening sy eie probleme sal oplewer sodat ons op die ou end maar moet kies wat vir ons die mees bevredigende lyk.

Die probleme is natuurlik eerstens dat dit 'n vreemde soort vryheid is wat God dan vir die mens sou gegee het. Dit is 'n vryheid wat geen verband het met sy vryheid nie, terwyl die mens as sy beeld tog geroepe is om sy vryheid te weerspieël. God se vryheid beteken nie dat Hy kan kies of Hy wil sondig of

nie(?!). Sy vryheid is die infrastruktuur van sy liefde. Sy vryheid beteken dat Hy vry is van alle selfsug, vry van willekeur, nie gebonde aan sy hoë posisie nie, sodat Hy kan neerbuig en geringes kan liefhê.

As ons vryheid analoog aan syne moet wees, sal dit seker verband hou met sy vryheid en daarom ook met die NT se vryheidsbegrip waarvolgens die Seun ons vrymaak sodat ons vry is van die sonde, vry om lief te hê en God met ons hele hart te dien. Waarom sou God 'n vreemde vryheid in sy beeld inbou wat geen verband met sy eie vryheid het nie?

Trouens dit bring ons by die tweede probleem. Is dit waar dat Adam en Eva hul vryheid (verkeerd) *gebruik* het toe hulle gesondig het nie? Moet ons nie eerder aanneem dat hulle hul vryheid *verloor het deur te sondig nie?* Het hulle nie in terme van die NT slawe van die sonde geword nie?

Die derde probleem is dat God hulle nie in die tuin voor 'n keuse stel en vra dat hulle moet reg kies nie. Hy wys vir hulle 'n weg, die enigste begaanbare weg: Hy verbied hulle om verkeerd te doen en gebied hulle om reg te doen. Dit is nie 'n keuse nie. As Hy hulle voor 'n keuse gestel het, kon Hy hulle nie agterna kwalik neem as hulle die keuse uitoefen nie.

Dit is dus beter om liever die vryheidsbegrip te kies wat baie sterk in die NT ontwikkel het: materiële, inhoudelike vryheid, vry van die mag van die sonde en die duiwel, vry om God te kan dien en ons naaste lief te hê. Dit is vryheid as die infrastruktuur van die liefde, analoog aan die vryheid van God.

Dit kom sterk na vore in 'n interessante uitspraak van Paulus: 'Julle is tot *vryheid* geroep ... *dien* mekaar dan deur die liefde' (Gal 5:14). Dit is met die eerste oogopslag 'n

teenspraak. Kan 'n mens tegelyk vry wees én *dien*, veral as 'n mens besef die Griekse woord vir dien is slawediens? Slawe kan tog nie vry wees nie? Nie? Het Jesus nie die vorm van 'n slaaf aangeneem nie, en was dit nie die sterkste getuienis dat Hy vry was om só ver in sy liefde te gaan nie? As Hy uitgelewer was aan sy heersersposisie, 'n gevangene van sy goddelikheid, was Hy nie vry om te dien nie. En ons is geroepe om sy beeld te vertoon. Is ons dan nie juis vry as ons ons vryheid gebruik om in liefde te dien nie?

Vryheid is die regte gebondenheid. Israel is uit hul slawegebondenheid uit Egipte bevry om voortaan *aan God gebonde* te wees en *daarom* vry van slawerny. Maar telkens as hulle hierdie (regte en goeie!) gebondenheid aan God prysgegee het, het hulle in die slegte gebondenheid van slawerny verval (o.a. in die ballingskap). Onthou ons is aan die Verbondsgod gebonde, maar ook verbonde omdat ons by Hom geborge is.

Met liefde en vryheid het ons twee van die analoë eienskappe van ons menswees behandel. Die beginsel waarvolgens ons gewerk het, is die feit dat ons bedoel is om die beeld van God te wees en dus (analogies) iets van sy wese en lewe te reflekteer, iets van sy liefde en sy vryheid. Ons sou op dieselfde wyse by Hom iets kan leer van ander eienskappe wat die mens behoort te hê soos heiligheid en geduld.

Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Fokus op 300 Geloofsvrae deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n verduideliking van 300 geloofsvrae bied.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en Lux Verbi.BM vir hierdie vergunning.

Skrywer: [Prof Adrio König](#)

Geloofsvrae: Die eienskappe van die mens

Geloofsvrae: Die eienskappe van die mens – Adrio König

Die eienskappe van die mens

Dit is nie so dat ons mense is en dan verder ook nog in 'n verhouding met God staan nie. Ons verhouding tot God is wesenlik vir ons menswees. Hierdie verhouding behels dat ons sy bondgenoot en beeld is. Ons roeping is om in verbondenheid aan Hom te leef en sy beeld, sy manier van lewe, te vertoon. Dit is natuurlik 'n vraag of dit nie darem 'n bietjie hoog ingesit is nie. Sal ons daar kan bykom?

Wat dit in elk geval beteken, is dat ons vir *God* moet vra wie ons is en hoe ons moet leef. Dit is wat ons daarmee bedoel dat ons ons mensbeskouing op ons siening van God bou (fundeer).

Om God se bondgenoot en sy beeld te wees, is twee kante van dieselfde saak. As sy bondgenoot moet ons by Hom inpas. Die verbond is 'n verhouding. In hierdie verhouding het God die inisiatief geneem en bepaal wat sy rol sal wees én wat ons s'n sal wees. Omdat Hy God is, neem Hy die inisiatief, en ons moet reageer. Hy spreek die oorspronklike woord, en ons moet antwoord. Ons woord kan nie dieselfde wees as sy woord nie, dit

moet 'n paslike ant-woord wees. Om te pas, moet dit juis anders wees, maar *paslik anders*. Omdat Hy *gesag* het, sal ons antwoord pas as dit *gehoorsaamheid* is. Omdat Hy *genadig* is, sal ons paslike antwoord *dankbaarheid* wees. Omdat Hy *getrou* is, moet ons Hom antwoord met *vertroue* en *geloof*. Omdat Hy die God van die *toekoms* en die *beloftes* is, sal ons paslik antwoord met *hoop*.

Ons kan hierdie eienskappe van die mens *komplementêre* eienskappe noem, 'aanvullende' eienskappe, eienskappe wat anders as God s'n is (ons is na alles nie God nie), maar paslik anders, wat die ontbrekende pool in die verhouding aanvul. By gesag pas tog gehoorsaamheid, by getrouheid vertroue. Dit pas soos 'n hollens by 'n bollens. Só bepaal die feit dat ons sy bondgenote is, hoe Hy bedoel het dat ons moet wees en lewe.

Maar daar is ook 'n ander reeks menslike eienskappe wat ons kan aflei uit die feit dat ons ook die beeld van God is. Dit beteken dat ons iets van Hom in ons lewe moet reflekteer. Ons moet soos Hy lewe, vergewe, liefhê, barmhartig wees, ens. Dit dui op 'n bepaalde ooreenkoms. Hierdie eienskappe moet met syne ooreenstem, al sal dit altyd op sy beste maar net 'n analogie, 'n beperkte ooreenkoms wees. Ons is immers nie God of goddelik nie. Ons kan dus ook van ons *analoë* eienskappe praat.

Omdat God liefde is, moet ons liefhê, omdat Hy vry is, moet ons vry wees, omdat Hy heilig en geduldig is, moet ons heilig en geduldig wees.

Ons het hier dus 'n tweede stel eienskappe van die mens wat ons uit God s'n aflei. Hierdie keer gaan dit om ooreenstemmende (analoë) eienskappe, nie om eienskappe wat anders is en daarom komplementêrend is nie. In

komplementerende eienskappe gaan dit om die *verskil* tussen God en mens (die verbond), en in analoë eienskappe om die (beperkte!) *ooreenkoms* (ons is sy beeld).

So probeer ons uit ons siening van God aflei hoe ons as mense bedoel is om te wees.

Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Fokus op 300 Geloofsvrae deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n verduideliking van 300 geloofsvrae bied.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en Lux Verbi.BM vir hierdie vergunning.

Skrywer: [Prof Adrio König](#)

Geloofsvrae: Die mens as beeld van God

Geloofsvrae: Die mens as beeld van God – Adrio König

Die mens as beeld van God

1 Ons, of iets in ons?

Net so beslissend as wat ons verbondenheid aan God vir ons menswees is, is die feit dat ons geskape is om sy beeld te wees. Trouens om sy beeld te wees, is eintlik net 'n onderdeel van ons verbondenheid aan Hom. Dit omvat 'n bepaalde faset van ons bondgenootskap.

Daar is min aspekte van ons menswees wat in die loop van die geskiedenis so breedvoerig bespreek is en ook soveel verskillende standpunte uitgelok het as hierdie allerbelangrikste uitspraak in die Bybel dat ons as sy beeld geskape is (Gen 1:26,27).

Tradisioneel is aanvaar dat die beeld van God *iets in* die mens is. Ons kry dit nog altyd in die uitspraak dat ons beelddraers van God is, en dat die mens deur die sonde die beeld van God *verloor* het. Iewers in ons sou ons dus iets rondra wat sy beeld is en wat ons kan verloor. Sommige het gemeen dit is ons siel, ander ons verstand of ons wil. Die res van die mens is dan as minderwaardig beskou, gewoonlik die liggaam. Dit het as agtergrond sekere strominge in die Griekse filosofie wat die werklikheid in twee dele verdeel het, 'n goeie, onsigbare, 'geestelike' deel, en 'n laer, stoflike deel wat die sigbare, materiële dinge is, en die liggaam insluit. Hierdie minderwaardige deel kon nie direk met God in verband gebring word nie. Daarom kon mense nie aanvaar dat die liggaam deel is van die beeld van God nie.

Ons kry die gedagte terug wanneer mense oortuig is dat Bybelskrywers dit nie regtig ernstig kan bedoel as hulle van die ledemate van God (sy hande, voete, oë, ens) of van sy sogenaamde 'menslike emosies' praat nie (soos sy berou). Dit word dan 'mensevormige spreke' oor God genoem wat ons nie letterlik moet opneem nie omdat dit net 'n aanpassing by ons beperkte verstand is. Dit is egter 'n vreemde gedagte wat elders bespreek word.

Die soort tweedeling wat tussen 'n hoër en edel deel van die mens, en 'n laer en minderwaardige deel onderskei, net soos tussen die geestelike dinge en die stoflike of tydelike dinge, is vreemd aan die Bybel. God het alles geskape, dus is alles goed, elke soort is goed vir dit waarvoor dit bedoel is.

Daar is dan ook nie grond in die Bybel om net 'n deel van die mens as beeld van God te beskou nie. *Die mens* is as sy beeld geskape, nie 'n deel van die mens nie. Daaroor is Gen 1:26-28 duidelik.

2. Die waarde van die mens

Dat ons as sy beeld geskape is, het besondere betekenis vir ons menswees. 'n Mens kan 'n paar dinge in hierdie verband oorweeg.

Eerstens is dit 'n verrassing dat dit in Gen 1 staan dat ons as sy beeld geskape is. Dit bring ons immers in 'n baie naby verhouding tot God terwyl daar juis in Gen 1 'n neiging is om die skepping skerp van God te onderskei as nie-goddelik, as anders en minder as God. Dit staan skerp teenoor die geloof van sommige van die volke rondom Israel wat baie dinge as goddelik beskou het soos son, maan en sterre. Om dit teen te werk, noem Genesis 1 die son en maan sommer net 'twee groot ligte' wat deur God gemaak en in diens gestel word. Daar is deurgaans die tendens om te beklemtoon dat niks behalwe God self goddelik is nie. Daarom word die geboortevoorstelling ook nie vir die skepping van die mens gebruik nie. Dit kan die indruk skep dat die mense goddelik is.

As die mens dan in *hierdie* verband die beeld van God genoem word, het dit besondere betekenis. Natuurlik maak dit ons nie goddelik nie, maar dit beklemtoon dat ons naby aan God is, in 'n unieke verhouding tot Hom wat nie waar is van die res van

die skepping nie. In Genesis 2 word dit weer uitgedruk met die voorstelling dat God 'lewensasem' in die kleipop se neus geblaas het 'sodat die mens 'n lewende wese geword het' (2:7). Dit skep 'n besonder noue verband tussen God en mens wat nie van die ander skepsels gesê word nie.

Wat verder belangrik is, is die feit dat *alle* mense as die beeld van God geskape is. Dit was nie in Israel se omgewing vreemd om te sê dat mense as die beeld van Gode geskape is nie, maar dit het net gegeld van besondere mense, veral die koning. Daarom het hy bo alle mense gestaan en was hy met goddelike gesag bekleed. Niemand kon dit waag om sy woord teen te spreek nie. Dink maar aan die neiging by sekere Romeinse keisers om 'Here' genoem te word, 'n aanduiding van goddelikheid.

Die merkwaardige feit is nou dat *alle* mense volgens Genesis 1 as die beeld van God geskep is. Alle mense het dus gelyke waarde. Daar kan nie onderskeid gemaak word en teen sommige gediskrimineer word nie. Alle mense behoort gelyke behandeling en gelyke regte en geleenthede te geniet.

3. Die inhoud van die beeld

In watter sin is ons die beeld van God? Wat is die inhoud van die beeld? Dit is nie duidelik uit Genesis 1 nie. Dikwels is gemeen dit is ons heerserstaak (v 26,28) sodat ons die beeld van God is in die sin dat ons namens Hom oor die skepping moet heers, of dit is die feit dat die mense as man en vrou geskape is (v 27), wat beteken dat ons soos God in verhoudinge leef.

Dit is alles belangrike fasette van ons menswees, maar daar is nie voldoende rede om die beeld tot hierdie betekenis te beperk nie. As ons Genesis 1 noukeurig lees, besef ons dit ook. Dat ons moet heers, word nie as 'n omskrywing van ons

beeldwees aangebied nie, maar as 'n gevolg daarvan ('sodat hy kan heers'). 'Man en vrou' is ook nie 'n omskrywing van ons beeldwees nie, maar net meer inligting oor hoe ons geskep is.

Ons moet dus in die res van die Bybel gaan hulp soek. En ons kry goeie hulp!

Eerstens word dit stilswyend aanvaar dat ons ondanks ons sonde nog die beeld van God is (1 Kor 11:7; Jak 3:9). Verder word Christus God se beeld genoem ((2 Kor 4:4; Kol 1:15; kyk ook Heb 1:3), en lees ons dat ons nuwe lewe die beeld van God (Ef 4:24; Kol 3:10) en die beeld van Christus is (en moet wees, Rom 8:29; 1 Kor 3:18).

Hieruit is 'n paar dinge duidelik. Christus word die beeld van God genoem in 'n verband waarin dit beklemtoon word dat Hy God openbaar. Die beeld van God moet dus verband hou met wie en hoe God is. Verder is die veronderstelling in hierdie uitsprake dat ons as sondaars nie meer die beeld van God is nie (anders as die vroeëre uitsprake). Daarom word ons opgeroep om in ons nuwe lewe sy beeld te wees (Ef 4) en al meer te word (Kol 3). Ons eindbestemming is dan ook om deur voortgaande vernuwing van ons lewe gelyk te word aan die beeld van Christus (Rom 8:29; 2 Kor 3:18). Daar is terloops geen rede om 'n onderskeid te maak tussen die beeld van God en die beeld van Christus nie.

Uit die feit dat Christus wat God openbaar, sy beeld genoem word, kan ons aflei dat, omdat ons sy beeld is (moet wees), ook ons Hom in 'n sekere sin moet 'openbaar,' wat op sy minste beteken dat ons deur ons lewe iets van Hom sigbaar moet maak. En omdat ons ook na die beeld van Christus vernuwe moet word, moet ons natuurlik ook iets van Christus in ons lewe vertoon. Dit herinner 'n mens aan die belangrike uitspraak dat Christus in ons 'gestalte moet kry' (Gal 4:19). 'n Moderne Duitse

vertaling lui dat die mense in ons lewe moet kan sien wie Christus is.

In hierdie verband is 'n laaste saak uiters belangrik. Daar is 'n staande uitdrukking in die Nuwe Testament dat ons 'soos God' en 'soos Christus' moet optree (soos God: Mt 5:48; Lk 6:36; Ef 4:32; Kol 3:13; 1 Pet 1:15-16; 1 Joh 1:5-7, en soos Christus: Joh 13:34; 20:21; Ef 5:2,25; 1 Joh 3: 3,7). Ons moet soos God vergeef, soos Hy in die lig leef, soos Hy heilig wees, barmhartig wees en volmaak wees(!). Verder moet ons soos Christus liefhê, soos Hy in liefde lewe, as mans ons vroue so liefhê soos Hy die kerk liefhet, onself rein hou soos Hy rein is, en regverdig wees soos Hy.

As ons na die inhoud van hierdie uitsprake kyk, is dit duidelik dat ons in ons hele lewe iets van God en van Christus moet reflekteer. Ons moet soos God en soos Christus leef, optree, reageer.

Dit blyk ewe duidelik uit 'n ander reeks uitsprake wat ook ons lewe met dié van God en van Christus in verband bring. Ons goeie werke moet mense aan ons Vader herinner, ons moet God se voorbeeld navolg *omdat* ons sy kinders is, wat natuurlik impliseer dat daar 'n ooreenkoms tussen Hom en sy kinders is! Dit lei tot ander ooreenkomste: omdat ons sy kinders is, ken die wêreld ons nie, want dit ken Hom nie (Mt 5:16; Ef 5:1; 1 Joh 3:1).

Op dieselfde manier word ons lewe met Christus s'n in verband gebring. Dieselfde gesindheid van nederigheid wat in Christus is, moet ook in ons wees, dieselfde werke wat Hy doen, sal ons ook doen, en dit sal sigbaar wees in sy lewe én in ons lewe dat die nuwe gebod werk (Fil 2:5ev; Joh 14:12; 1 Joh 2:8).

Genoeg. Dit kan min twyfel ly dat ons die beeld van God is

(moet wees) in die sin dat ons in ons lewe sy manier van lewe kan en moet weerspieël. En as ons dit besef, besef ons ook hoe onnodig dit is om iets in die mens te soek wat sy beeld sou wees, en veral hoe verkeerd dit is om ons liggaam van die beeld te probeer uitsluit. Dit is juis as liggaamlike wesens dat ons sy beeld is en moet wees.

Die vraag of ons deur die sonde opgehou het om sy beeld te wees, het al deurgeskemer in Bybelaanhalings hierbo. Daar is uitsprake wat impliseer dat ons ondanks ons sonde nog steeds sy beeld is, en ander waarvolgens ons deur die geloof weer sy beeld word. Die twee reekse uitsprake beteken enersyds dat ons as sondaars nie meer sy beeld is nie in die sin dat ons nie soos Hy kan leef en dus iets van Hom in ons lewe sigbaar maak nie as ons in ons sonde volhard nie, maar andersyds dat ons nog altyd in staat is om sy beeld te vertoon as ons ons bekeer en na Hom luister.

Dit klink natuurlik na 'n opdrag wat 'n mens moedeloos sal maak om soos God en soos Christus te lewe. Is dit nie darem te veel gevra nie? Dit is, as dit net van ons afhang. Maar wat God as 'n opdrag gee, gee Hy ook as 'n gawe.

Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Fokus op 300 Geloofsvrae deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n verduideliking van 300 geloofsvrae bied.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en Lux Verbi.BM vir hierdie vergunning.

Skrywer: [Prof Adrio König](#)

Geloofsvrae: Die mens as bondgenoot van God

Geloofsvrae: Die mens as bondgenoot van God – Adrio König

Die mens as bondgenoot van God

Daar word herhaaldelik na die verbond gekyk omdat dit so 'n sentrale saak in die Bybel is. Trouens die verbond kan gesien word as die doel van God se skeppingswerk. God het die aarde geskep om 'n plek te hê waar Hy in gemeenskap met die mense kan leef. Ons bestemming is om in die verbond met God te leef.

Dit alles maak dit onmoontlik om sinvol oor die mens te dink sonder om God en die verhouding met Hom daarby te betrek. God neem immers die inisiatief in die verbond wat beteken dat Hy bepaal wat die inhoud van die verhouding is, en wat sy insette is en wat ons reaksie behoort te wees. Dit alles is trouens kort saamgevat in die verbondsformule: 'Ek sal vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees.'

Dit beteken 'n paar dinge vir ons menswees. Allereers beteken dit dat ons aan God *gebonde is* en *verbonde behoort te wees*. 'n Verbond bind aan mekaar. Maar hier is meer op die spel. Omdat die doel van ons lewe is om in hierdie verbond te lewe, is ons gebondenheid aan God wesenlik vir ons lewe. Dit is nie iets wat agterna kan bykom nie. Omdat God die inisiatief geneem het, en omdat Hy vooraf oor Homself besluit het dat Hy nooit op 'n ander wyse God wil wees as die mense se God nie, is daar ook vooraf oor ons besluit: ons is bondgenote van God. Dít is

ons bestemming: gebonde aan God. Ongelukkig kan ons dit probeer ontken. Dan word dit onwillige, gedwonge gebondenheid, terwyl Hy bedoel het dat dit *verbondenheid* moet wees.

As ons reg aan die God van liefde gebonde is, d.w.s.as ons aan Hom verbonde is, is ons ook *geborge* en veilig in Hom. Dat Hy ons God is – en daarvan is ons seker want *Hy* het dit besluit – beteken dat Hy vir ons verantwoordelikheid aanvaar. Hy kán vir ons sorg omdat Hy magtig is, en Hy wil omdat Hy liefde is. Hierdie geborgenheid gee aan ons waagmoed. Mense wat veilig voel, kan dit uit hul skuilplek waag en iets aan die wêreld doen.

Om sy bondgenote te wees, beteken ook dat ons by Hom moet *pas*. 'n Bondgenoot moet sinvol inpas by die ander bondgenoot anders kan die saamwees nie egte verbondenheid wees nie, maar net slegte gebondenheid. En as die ander bondgenoot die inisiatiefnemer is wat die struktuur van die verbond bepaal, hang dit van Hom af hoe ons moet lyk om in te pas by Hom. Uit wie en hoe God is, kan ons dus aflei hoe ons behoort te wees. *Ons Godsleer behoort dus ons mensbeskouing te bepaal.*

Omdat God die inisiatief neem, omdat Hy die eerste woord spreek, moet ons ant-woord. Ons is dus ver-*antwoord*-elik. Ons sou kon sê dat ons eienskappe syne moet komplementeer of aanvul, d.w.s. sinvol by syne moet inpas, soos 'n hollens by 'n bollens pas. Omdat Hy *gesag* oor ons het, moet ons Hom *gehoorsaam*. Omdat Hy *genadig* is, moet ons *dankbaar* wees. En omdat Hy die God van die *beloftes* is, kan en moet ons met *hoop* op die toekoms gerig wees.

Mense is dus wesens wat verantwoordelik is voor God om Hom te gehoorsaam, te dank en met hoop die toekoms in te volg.

Dit gee sin en betekenis aan ons lewe. Sonder sin en betekenis

is dit onmoontlik om met vreugde te lewe. 'n Mens heg betekenis aan die lewe as jy iets het om na uit te sien. Ons het God se beloftes dat Hy ons saam met Hom op die nuwe aarde in heerlikheid sal laat leef. Dit gee selfs sin te midde van lyding en onreg.

Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Fokus op 300 Geloofsvrae deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n verduideliking van 300 geloofsvrae bied.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en Lux Verbi.BM vir hierdie vergunning.

Skrywer: [Prof Adrio König](#)